### *Floran by die Meester*

**159** Toe beide by My kom, sê **die engel**, terwyl hy diep voor My buig: "Meester, hier is `n ryp appel! Sy liggaam is net soos die van alle mense, maar sy gees is sterk en vol onbedorwe krag. U kry daarom alle lof en alle eer van ewigheid tot ewigheid!"

[2] **Ek** sê: "Goed, Rafael, sulke vrugte is vir My welkom en daarvan hou Ek! Hy is daar weliswaar één van die stoel van Moses en Aäron, maar hy het ook die skool van Plato, Sokrates, Pythagoras en Aristoteles sy eie gemaak, en daarom is hy geen riet wat deur die wind heen en weer beweeg kan word nie, maar `n dik seder van die Libanon wat weet om die storms te trotseer! Hy staan rustig en stil en as die storms aan hom ruk, buig hy nie! Ek sal hierdie boom laat staan tot by die opbou van die nuwe Jerusalem, dan sal hy die dak en die gewel van My huis vorm!-

[3] **Floran**, sê My nou eers: Is jy bly oor My?"

[4] **Floran** sê: "Meester van alles wat lewe! Wie sal dan nie bly oor U wees nie?! Maar ek is `n sondige mens en U heiligheid sê vir my: 'Gaan weg van My!" Sien u, daarom is ek nie bly nie! Ek sou nou sonder sonde waardig voor U wou staan, maar dit is onmoontlik, want ek het gesondig, is daarom `n sondaar en skaam my nou baie vir U heiligheid. Maar daarvan beskuldig geen vrolike hart my nie, maar `n bitter berou, en dit is nie baie geskik om `n hart vrolik te maak nie. Tog is ek ook weer mans genoeg, en besit `n verstand wat my `n veront-skuldiging vir my sondes ten opsigte van U gee, en my ook toon dat ek `n mens is, bestaande uit vreeslik baie elemente, wat sy voleinding dan so eers bereik as die baie elemente deur die sondige gisting gelouter is en `n suiwer, kosbare wyn vir elkeen geword het, soos by jong wyn in `n sak.

[5] U is die Meester en elke mens is die vrug van U ewige stryd. Die mens beleef slegs `n geveg met oorwinning en nederlaag, om eers daaruit, netsoos `n Phoenix uit die as van die vernietigende vuur, op te staan vir `n nuwe lewe wat innerlik wel in ewewig kom, maar uiterlik tog `n ewige stryd sal en moet bly!

[6] Meester, vergeef my daarom nie my sonde nie, want dit was noodsaaklik om in my die stryd te laat ontbrand om `n nuwe mens te word, maar vergeef my die skande van my herhaaldelike nederlae, dan sal ek my in U verheug, o Meester!"

[7] **Ek** sê aan die leerlinge: "Sien hier `n mens in wie se siel geen bedrog woon nie! Hierdie mens het Ek reeds lank lief!"

[8] **Simon Juda** sê: " Meester, hy lyk wel soos `n tweede Mathael!"

[9] **Ek** sê: "Dink jy dat iemand maar net op Mathael se manier wys kan wees? Kyk eers, hierdie Floran is heeltemal die teenoorgestelde van Mathael, en tog is hy ook soos Mathael `n wyse! Mathael is `n kenner op die gebied van die natuur en die tale van die oues, Floran is egter `n kenner van alle gelowe en alle wêreldse wysheid en kennis van die oues. Daarom kan `n mens moeiliker met hom, as met Mathael praat, maar omdat hy nou aan ons kant staan, sal hy so vinnig moontlik as `n strydende werktuig optree teen alle dwaalleringe by die mense op aarde. Hy sal dit baie bekwaam bestry, en sonder om ekstra wonders te doen, `n goeie resultaat bereik. Vir die wêreldse kinders is dit beter, om te voorkom dat hulle gevangehoudende oordeel nie `n nog groter greep op hul siel kan kry nie! Vir kinders van bo is die wonders wel `n barmhartigheid - maar nie vir die kinders van die wêreld nie.

[10] Omdat julle in julle harte weet wie Ek is, kan julle in julle siel vry bly wanneer julle vir My Elohim se werke op hierdie aarde sien doen. Dit geld egter nie vir die wêreldse kinders nie. Hulle word daardeur gedwing en gebonde, en het dan geen vrye gedagte meer nie, en nog minder `n vrye bewussyn.

[11] Wanneer Floran hulle egter met sy wêreldse wysheid sal bewerk, sal die woord hulle `n seker lig gee wat voldoende sal wees om vir hulle die treë na die tempel van hul harte te verlig. As hulle eenmaal binne is, dan is hulle ook heeltemal gewen vir die hele ewigheid! Maar julle almal bymekaar is nog lank nie so verstandig soos Floran nou is nie!"

[12] Dit hoor Floran egter nie omdat Ek alleen met die leerlinge in hul harte daaroor gepraat het, daarom het hy My gevra wat hy moes doen.

[13] En **Ek** sê: "Gaan maar na jou broers en vertel hul dat Ek weldra ook by hulle sal uitkom!"

[14] Floran sê dan niks meer nie, maar buig net en gaan vinnig na sy broers toe.

### *Floran praat met Stahar oor die Meester*

**160** Toe hy na `n paar treë weer by sy eie is, vra **Stahar** hom dadelik: "En hoe staan dit daarmee? Is ons op die regte weg?"

[2] **Floran** antwoord: "Volkome! Daaraan is geen twyfel meer nie! Hy is wel `n mens soos ons, maar in Sy wese bevind iets hom wat hom slegs laat voel, maar nie met woorde laat omskryf nie. As Hy praat, klink dit asof elke woord dadelik ewigheidswaarde het! Jy kan baie duidelik aan Sy woord merk dat dit,

aangevul met 'Daar is!", oombliklik uit homself of ook uit die niks `n wêreld vol wonders kan oproep!

[3] Hy kan Sy goddelike wese nie verberg nie, en as ek sonder alle vroeëre voorbereidings by Hom sou gekom het, sou ek dadelik vir Hom gesê het: 'U is geen gewone mens nie, in U hart moet die goddelike oergees geheel en al aanwesig wees!"

[4] Maar tog was die wyse voorbereiding baie goed, sodat ons nou maklik en duidelik kan insien met wie ons te doen het. Hy sal binnekort volg, het Hy my beloof. Wanneer Hy hier is, kan julle julleself daarvan oortuig of ek gelyk het of nie!

[5] Maar nou verstaan ek ook wie ons gedrag in die stad aan Cyrenius verraai het, wat seker nie so lofwaardig was nie, - dit wil sê: ons gedrag. Maar nou is alles verander! Die toeval, waarvan ons Messias-JaHWeH vooraf beslis baie sou voorsien het - gestel dat die nason van gister dalk nie heeltemal Sy werk was nie - het ons met één slag vry gemaak van die ou juk van die domheid. Daaroor kan ons nou wel baie bly wees, want watter hinderlike en beledigende dwaashede sal die goddelose tempel hierna nog alles vir die mensdom nie uitbroei nie, wat ons dan weer geheel en al sou moes uitgevoer het! Maar laat dit nou maar kom! Ons sal ons Romeinse burgerreg beslis op so `n manier onder hul neuse druk, dat hoor en sien op aarde sal vergaan!

[6] Aan ons kant staan nou met `n verskriklike groot nommer één, die Messias en `n engel uit die hemel, wat baie magtiger blyk te wees as diegene wat eers die jong Tobias gelei het. En wêreldlik het ons by ons `n nog belangriker nommer twee, die opperstadhouer van die hele Asië en `n deel van Afrika, wat `n fisiese oom is van die huidige, regerende keiser van Rome. Ook al sou hulle met die hele hel van Jerusalem hierheen kom, dan sou ons hulle tog nog net so die baas word as wat die uitgedaagte leeu elke so sluwe jakkals se baas kan word! - Wat dink julle nou van alles?"

[7] **Stahar** sê: "Niks anders nie as dat dit nou met ons vir die hele ewigheid sal goedgaan! Nou is ek ook vir niemand meer bang nie! Dit is goed en maklik om vir Elohim te stry, want Elohim se krag is `n skutmuur wat geen vyand in ewigheid kan verwoes nie! Maar nou sou ek graag nog van iemand van julle wou hoor - ook al is dit ook maar so ongeveer - watter nuwe doel ons onsself in die toekoms moet stel! Het niemand van julle `n goeie idee? - Wat dink jy daarvan, Floran?"

[8] **Floran** sê: "Daaraan dink ek nog nie en onder die gegewe omstandighede vind ek dit nie die moeite werd om ook maar vlugtig daaraan te dink nie! Ons is nou by Elohim, en daar is ons nie net vir hierdie tyd in goeie hande nie, maar vir die hele ewigheid! Dus broer, jy kon jou wel hierdie vraag gespaar het!

[9] **Ek maak my oor niks meer besorg in hierdie wêreld nie, want Hy, wat ons hier gevind het, is vir my alles bo alles**! Wat Sy Wil sal wees, sal vir alle tye van die tye my toekoms wees! Want net Hy weet presies wat ons is, wat ons sal word, en wat ons in die vervolg te doen staan om dit te word wat Hy in ons sien. Daarom sal elke ydele voorsorg van ons kant `n dwaasheid wees. As Hy aan ons sal sê: 'Doen dit of dat!", sal die tyd kom om daarvoor te sorg dat ons altyd dit wat Sy heilige wil ons as plig opdra, heeltemal volgens Sy Wil te volbring. - Kyk, broer Stahar, dit is die kern van my mening!

[10] Maar wees nou stil, want ek sien dat die Meester en Cyrenius hulle gereedmaak om na ons toe te kom! Sorg daarvoor dat jy jouself in jou hart fatsoenlik hou, anders sal jy Sy aanwesigheid nie kan verdra nie! Werklik, hulle kom! Ook die engel en `n meisie kom saam; die meisie kan ook wel `n engel wees!"

[11] **Stahar** sê: "Ag, die meisie kan geen engel wees nie. Want daar was nog nooit vroulike engele gewees nie, sy kan dus ook nooit een wees nie, en daar kan ook nooit een wees nie! Daarom kan die meisie maar net `n dogter van die een of ander ryk Judeër wees. `n Romein is sy nie, te oordeel aan haar kleding. Die jongman wat Cyrenius aan die hand hou, is wel `n Romein, of miskien wel die jongste seun van die ou meester. Maar die meisie moet by nadere bestudering ook ontsaglik wys wees, want haar vaste en sprekende sagte blik lewer die onmiskenbare bewys daarvoor."

[12] **Floran** sê: "Ja, ja, ek gee jou gelyk. Maar met jou bewering dat daar geen vroulike engele is nie, is ek dit nie heeltemal eens nie! Daar sal by hulle wel geen geslagtelike verskille voorkom nie, maar verskille in gemoedsgesteldheid sal daar sekerlik sodanig wees, dat hulle hul ten opsigte van mekaar in verhouding sal wees soos wat `n goeie man ten opsigte van sy liefste vrou op hierdie aarde is. Kyk maar eers na die engel en sê nou eers self of hy nie vroeër soos `n goed aanvallige meisie daar uitgesien het nie, eerder as die een of ander jongman! Trek hom vroulike kleding aan en dan staan daar voor jou `n meisie Non plus ultra *, soos die Romeine sê! - Maar hou nou op met die nuttelose gepraat! Hulle sal nou hier wees!" *(* onoortreflik)*